

COVID-19: Privaat hospitale se reëlins en maatreëls

Dr. Eugene Brink, strategiese adviseur by AfriForum Gemeenskapsake

AfriForum het in die lig van die COVID-19-pandemie kontak met die groot privaat hospitaalgroepe gemaak om uit te vind watter stappe hulle doen om die krisis die hoof te bied.

Hier is hul reaksies en maatreëls:

Netcare

Dr. Richard Friedland, die Netcare-groep se hoof uitvoerende beampte, sê dat kalmte, versigtigheid en absolute waaksaamheid vereis word om te verseker dat enige openbaregesondheidsrisiko – soos die huidige COVID-19-koronavirus – verantwoordelik bestuur word.

“Ons het by alle Netcare-geriewe – insluitend Netcare-hospitale, Medicross- mediese en tandheelkundige sentrums, Akeso- psigiatriese hospitale, nasionale niersorg- en -dialise-eenhede, Netcare-kankersentrums en Netcare 911 – ’n aantal bykomende voorsorgmaatreëls in plek gestel om pasiënte, besoekers, personeellede, dokters, gesondheidsorg- en ander diensverskaffers in ons geriewe te beskerm,” sê hy.

Netcare het ’n multidissiplinêre taakspan saamgestel toe die koronavirusuitbraak in China in Januarie bekendgemaak is. “Ons werk nou en deurlopend met die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes (NIOS) en die departement van gesondheid saam. Ons het ons kliniese protokol vir die bestuur van COVID-19-pasiënte belyn. Ons het ook omvattende maatreëls ingestel om enige vermeende bevestigde gevalle van COVID-19 by ons geriewe op te spoor, te identifiseer en op gepaste wyse daarop te reageer.”

Die volgende maatreëls is daarom reeds by Netcare-fasiliteite in werking gestel:

- Elke persoon wat Netcare-geriewe binnekom se hande word ontsmet.
- Alle persone wat Netcare-geriewe by die vernaamste ingangspunte binnekom, word mondelings vir COVID-19 geskandeer as ’n eerste verdedigingslyn, asook verdere skanderings indien só aangedui word.
- Tente word by ingange na noodgeval-afdelings en hoofingange na hospitale opgerig, en Netcare-personeellede sal die skanderings daar behartig.
- By fasiliteite met veelvuldige ingange sal sekere ingange dalk gesluit wees om voldoening aan prosedures rondom die ontsmetting van hande en skanderings te verseker.
- Ultravioletontsmettingsrobotte word in Netcare-hospitale ontplooi wat nog nie daarvoor beskikbaar is. Dit is al bewys dat sulke robotte uiters doeltreffend is om virusse, bakterieë en swamagtige spore te identifiseer en vernietig.
- Beperkte besoektye geld in Netcare-hospitale, asook op die aantal besoekers wat ’n pasiënt per keer besoek. Die bestuurspan by die geriewe waar besoektye van toepassing is, sal verdere inligting aan pasiënte en besoekers verskaf.
- Alle Netcare-personeel word digitaal geskandeer, wat insluit personeel en eksterne diensverskaffers in alle besighedsomgewings.
- Geloofwaardige COVID-19-inligting word aan sowel pasiënte en besoekers as die publiek verskaf.

Die publiek word dan ook versoek om op die volgende maniere te help indien hulle Netcare-geriewe besoek:

- Indien jy bekommerd is dat jy dalk die koronavirus opgedoen het, skakel asseblief die noodgevalafdeling of jou gesondheidsorgverskaffer voordat jy hulle vir 'n konsultasie gaan sien. Dit stel hulle in staat om geskikte voorsorgmaatreëls te tref om te verseker dat hul personeel en ander mense by die fasiliteit veilig is terwyl jy ondersoek, behandel en opgeneem word, totdat dit bevestig kan word of jy positief vir Covid-19 toets.
- Gebruik asseblief die handsproei of handsmeermiddel wat by ingange en verskeie punte in hul geriewe opgerig is om jou hande te ontsmet as jy binnekom, by elke beskikbare geleentheid in die fasiliteite, en ook as jy vertrek.
- Wees asseblief geduldig terwyl hulle mondelingse skanderings doen, omdat dit tot voordeel is van sowel diegene wat hul hospitale besoek as hul pasiënte en ander mense wat dienste in die fasiliteit lewer.
- Moet asseblief nie pasiënte in die hospitale besoek indien jy self siek voel nie.
- Gehoorsaam asseblief enige besluite van die hospitale om besoeptye of die aantal besoekers per pasiënt te beperk.
- Maak jouself asseblief vertrouwd met die maatreëls wat jy moet neem om jou risiko vir blootstelling aan en die verspreiding van die virus te verminder.

Mediclinic

Die Mediclinic-hospitaalgroep het by monde van Tertia Kruger, hoof van korporatiewe kommunikasie, gesê hulle het die verwickelinge nou gevolg sedert die eerste berigte oor die COVID-19-uitbraak bekendgemaak is. Waarskynlike scenario's is op die hoogste vlak oorweeg en alle nodige maatreëls is getref om vir die kort- en langtermynimpak voor te berei.

'n Aantal inligtingsbronne is op hul webwerf beskikbaar, wat algemene inligting en riglyne oor kwessies soos voorkoming en tuissorg voorsien – alles ingevolge riglyne van die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes (NIOS).

Om te verseker dat slegs diegene wat toetse vereis by 'n toepaslik-toegeruste toetsfasiliteit aanmeld, is daar 'n [aanlyn risiko-ontleding](#) ontwikkel om persone se behoefte aan COVID-19-skandering te bepaal. Dit stel die publiek in staat om te weet of hulle wel COVID-19-toetsing benodig. Mediclinic bied teweens 'n COVID-19-blietslyn by 0860 24 00 24 om gemeenskapslede met advies te ondersteun.

Dit is belangrik dat mense wat nie COVID-19-toetsing benodig nie die normale proses volg om gesondheidsorg in hul gemeenskap te verkry, indien nodig.

“Hospitaalbesture en ongevallebestuurders is gereed om na alle pasiënte om te sien wat simptome toon. Hulle is toegerus om bestaande prosesse te optimaliseer om ons pasiënte, dokters, werknemers en diensverskaffers se veiligheid te verseker,” sê Kruger.

Life

Die Life-hospitaalgroep sê hulle werk voortdurend met die NIOS saam en het ook 'n aantal maatreëls in plek gestel om hul huidige besmettingsvoorkoming en risikoprotokol vir vermeende en positiewe COVID-19-gevalle te ondersteun.

Aangesien dit in elke mediese omgewing standaardpraktyk is, bly pasiëntvertroulikheid 'n hoë prioriteit.

Alle tersaaklike personeel, noodeenhede inklusief, is touwys gemaak en opgelei aan die hand van riglyne wat deur die NIOS en Wêreldgesondheidsorganisasie neergelê is. Hulle is ook daarop voorbereid om vermeende en bevestigde gevalle van die virus volgens bepaalde protokolle te bestuur.

Life wil ook verseker dat die gevaar van besmetting vir alle pasiënte, personeel, dokters en besoekers aan hul hospitale verminder word deur algemene COVID-19-skanderings te doen voordat enigiemand hul geriewe binnegaan. Dié maatreëls sluit in die voorsiening van handskoonmaakmiddels, 'n vlugtige mondelingse reisgeskiedenis en welstandsopname.

Om voetverkeer in hul hospitale te bestuur, is besoeke ook beperk. Dit verskil van hospitaal tot hospitaal en die publiek word versoek om hul plaaslike Life-hospitaal vir aangepaste tye te skakel. Die aantal toegelate besoekers tydens besoeke is twee per pasiënt, per aangeduide besoek.

AfriForum het die Life Anncron-hospitaal in Klerksdorp besoek en was uiters tevrede met die streng inwerkingstelling van maatreëls teen COVID-19.